

**KENNIS GESKIED HIERMEE DAT DIE HERGESKEDULEERDE ALGEMENE
JAARVERGADERING VAN DIE LEDE VAN TRANSMED MEDIESE FONDS OP WOENSDAG, 10 FEBRUARIE
2021 OM 14:00 BY DIE IRENE DAIRY FARM, NELLMAPIUSWEG, IRENE, GAUTENG, SAL PLAASVIND.**

DIE SAKE WAT OORWEEG SAL WORD, VERSKYN IN DIE ONDERSTAANDE AGENDA.

AGENDA

1. Openingsformaliteite
2. Bevestiging van die notule van die Algemene Jaarvergadering gehou op Maandag, 12 Augustus 2019
3. Sake voortspruitend uit die notule
4. Transmed Mediese Fonds COVID-19-opdatering en -terugvoering
5. Trusteeverkiesing-terugvoering
6. Jaarlikse Finansiële Hoogtepunte van 2019
7. Aanstelling van die Ouditeure
8. Jaarlikse verhoging in Trusteefoioie
9. Bespreking van mosies ontvang van lede
10. Aanstelling van Trustees

KENNISGEWING

'n Kworum vir die Algemene Jaarvergadering (AJV) van die lede van Transmed Mediese Fonds, wat oorspronklik vir 17 November 2020 geskeduleer was, was nie bereik nie. Ingevolge die Reëls van die Fonds moet die vergadering hergeskeduleer word en die lede wat by hierdie vergadering teenwoordig is, sal 'n kworum vorm.

BELANGRIKE INLIGTING

Lede word hiermee in kennis gestel dat COVID-19-reëls by die AJV van toepassing sal wees. Die reëls sluit die volgende in:

- Lede moet hul hande ontsmet voor hulle die lokaal binnegaan (handreinigingsmiddels sal voorsien word).
- Lede moet te alle tye 'n masker dra.
- Temperatuur-skandering sal uitgevoer word.
- 'n COVID-19-vraelys sal voltooi word.
- 'n Sosiale afstand van ten minste 1.5 meter sal van toepassing wees.

Lede wie die AJV wil bywoon, word versoek om te registreer voor hulle die vergadering bywoon.

Let asseblief daarop dat indien u nie registreer nie, u dalk nie toegelaat sal word om die lokaal binne te gaan as gevolg van COVID-19-regulasies nie.

Vervolg op keersy

Vul asseblief die registrasievorm in en dien dit teen nie later nie as 7 Februarie 2021 op een van die volgende wyses in:

- per hand by die Fonds se kantore by De Kortestraat 101, Braamfontein;
- per pos na Posbus 32043, Braamfontein, 2017;
- per faks na 011 403 1740; of
- per epos na fundmanagement@transmed.co.za.

Lede moet hulself identifiseer deur hul lidmaatskapkaarte aan die registrasiepersoneel te toon wanneer hulle aankom.

PETRUS WASSERMANN
HOOFBEAMPTE